

# My posisie voor die Verlosser

Teks: Lukas 7: 36 - 50

Teksvers: Lukas 7: 43

## 1. Inleiding

Wanneer ons onthaal hoe sien 'n mens jou gaste? Ja onthaal is nie 'n liefdadigheidsbal nie. En ja selfs al is dit 'n liefdadigheidsbal word die hulpbehoewende mense nie daarheen uitgenooi nie. Nee die gaste by 'n onthaal is op 'n manier gelyk, uitgesonder die eregaste. En dit is ook waar ons vanoggend inval met hierdie prediking.

Ons is skielik by die onthaal of ete wat Simon die Fariseër aanbied. En die Here Jesus word ook na hierdie ete genooi. Hy is nie die eregas nie. Nee, Hy is eerder iemand interessant, maar dan nie positief interessant nie. Die gedagtegang van Simon word aan ons geopenbaar, en ons sien in vers 39 dat hy eintlik vir Jesus wil uitvang en ontmasker. Maar hoekom?

Om dit beter te verstaan moet ons die drie rolspelers in hierdie teks ondersoek. Ons moet van naderby na elkeen se oortuiging gaan kyk. Dit wat diep binne die mense in hierdie stukkie geskiedenis leef kan nie regtig weggesteek word nie. En ons sien dit geopenbaar deur hulle optrede, en gedagtes.

Maar soos ons ook veral die evangelies ken, is hier ook 'n skerp boodskap wat deur my en jou sny. Dit is veral hoogmoed en die ontkenning van my eie sondes wat in hierdie gedeelte skerp veroordeel word. Ons weet dat sonde die rede is waarom verlossing nodig is. Maar in hierdie teks gedeelte word die hoeveelheid sonde op 'n manier aan die hoeveelheid genade gekoppel. Tog is dit van die staanspoor af duidelik dat ook die Fariseër Simon sonde het.

Maar wat belangrik is, hoe sien ek my eie sonde. Vergelyk ek dit met medemens se sonde en kom tot die R50 gevolgtrekking. En dan in hierdie sonde toestand, waar staan Christus in my lewe?

## 2. Versteekte sonde

Kom ons begin by die vrou wie se naam nie in ons teksgedeelte weergegee word nie. Wat ons wel weet is dat sy 'n sondige lewe gelei het. Watter sondes sy presies gepleeg het, word nie in die teks aan ons geopenbaar nie. Maar die waarskynlikheid is groot dat sy 'n vrou van slegte sedes was. Dit sal natuurlik die probleem met Jesus wat haar aanraak verduidelik. Wanneer 'n onrein persoon aanraak word, word jy ook onrein en dus gediskwalifiseer om te eet saam met die ander rein mense.

Tog openbaar die teks nie dit aan ons nie. Want daar is iets anders baie meer belangrik om aan ons te openbaar. Dit is die idee van wegsteek, of 'n versteektheid. Hierdie vrou was bekend as 'n sondaress, maar tog is sy nie nou besig om te sondig nie. En uit 'n menslike oogpunt kan 'n mens vra maar hou sou Jesus wat nie die vrou of gemeenskap ken weet dat hierdie vrou 'n sondaress is?

En dit is uiteindelik ook presies die toets vir ware profeetskap wat Simon die Fariseër aanlê. Indien Jesus werklik 'n profeet was sou Hy mos geweet het wat hierdie vrou wegsteek dink hy in vers 39. Dan sou Jesus haar mos moes wegjaag, of ten minste keur dat Sy aan Hom raak.

En is dit nie miskien presies hoe ons ook soms geloof hanteer nie. Soos Simon voel ons die Here stel ons teleur. Soms voel ons met respek gesê dat die Here nie besig is om die wêreld 'n beter plek te maak nie. Want ons wil soms saam met Simon hê dat die slegte sondaress tog net weggejaag moet word uit ons midde. Dat die sondaar tog nou maar net gestraf moet word vir sy/haar versteekte sonde. Maar dit is juis dan wanneer hierdie teksgedeelte ook vir ons 'n belangrike boodskap het.

Want kan ons werklik anders op die Here se vraag as Simon in ons teksvers antwoord. “Ek veronderstel dié een vir wie hy die meeste kwytgessel het.”

### **3. Gebrokenheid weens sonde**

Maar uiteindelik moet Christus oor die waarheid getuig. En hierdie waarheid openbaar selfs daardie weggesteek sonde. Want ironies genoeg waar Simon die Fariseër gedink het Jesus is nie ’n profeet nie, en kan daarom nie die sonde binne die sondares raak sien, juis daar sien Jesus nou die sonde binne in Simon self raak.

Die Here Jesus begin op ’n dieselfde manier waarop Natan destyds vir Koning Dawid veroordeel. Hy laat hom toe om die oordeel oor homself uit te spreek. Dit is presies wat in ons teksvers gebeur. Maar dan soos Natan van ouds verduidelik Jesus hierdie oordeel verder. Sien die gaan oor die verhouding met die Here, en in hierdie geval spesifiek Jesus Christus ons verlosser.

Vir die Fariseërs is hierdie ’n gelyke verhouding. Dit is wat Jesus verduidelik. Vandat Hy daar aankom het Simon geen spesiale behandeling aan hom verskaf nie. Daar was geen water om Sy voete mee te was nie, wat nog te sê van ’n slaaf om dit te doen. Jesus word nie op die broederlike manier gegroet nie. En olie om sy hoof te salf is nie beskikbaar nie. In gelykheid verwag Simon die Fariseër dat Jesus eenvoudig maar by hom moet inval.

Is dit nie presies soos ons ook gewoonlik geloof beoefen nie. My geloofslewe en die kerk moet inval by my manier van doen. By hoe ek dinge wil gedoen hê. En die geloofsgemeenskap en kerk moet nou net nie spesiale aandag verwag nie. Uiteindelik word dit geloofsbeleving waar die Here deel is van my lewe, maar op my terme.

Of daar is die sondares. ’n Vrou wat gebroke is wees haar sonde, wat Jesus self in vers 47 bevestig as baie. Sodra sy hoor van Jesus se teenwoordigheid in die dorp lei die Heilige Gees haar nader. En dan is dit veral in liggaamshouding en posisie wat ons verhouding met Jesus sien. Sy het agter Jesus se voete gaan staan, en was uiteindelik sy voete met haar tranes. En selfs wanneer dit by die salwing kom, wat vir die hoof bedoel is, bly sy maar by die voete.

Wat sal ons doen wanneer die Here weer verskyn. Wat sal selfs my liggaamshouding sê, wanneer ek voor die Heilige staan? Sal ek kan staan of in nederigheid op die grond neerval?<sup>12</sup>Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie

### **4. Verlossing van die sonde**

Maar uiteindelik is dit die rede waarom hierdie spesifieke liggaamshoudings ingeneem word wat belangrik is. En dit verduidelik Jesus ook vir ons in die hierdie teksgedeelte. Dit gaan ten diepste oor skuld soos ons teksvers sê. Skuld wat kwytgessel is. En ons weet die skuld wat ons het in die Heilige teenwoordigheid van die Here, is ons sonde. Daarom gaan dit oor sonde.

Maar soos ons reeds gesê het koppel hierdie teksgedeelte skale aan die skuld en op ’n manier vergifnis. Nou ons weet daar is nie iets soos klein en groot sondes nie. Maar tog gaan dit oor ons beskouing van sonde. Eerstens is dit belangrik om te sien dat nie Simon, die Fariseër of die vrou sonder sonde is nie. Maar die vrou weet en besef haar sonde is baie groot, amper onvergeefbaar. Terwyl Simon die Fariseër dink dat hy eintlik maar goed genoeg is.

En dit maak uiteindelik die verskil in die verhouding met Jesus. Vir Simon is Jesus bloot ’n ander interessante leermeester, soos hyself. Maar vir die sondares is Jesus die Verlosser, heeltemal verhewe bo wat sy is. Simon het nie werklik vir Jesus

nodig nie, en het daarom nie baie moeite met Jesus en sy teenwoordigheid daar nie. Die sondares het Jesus en Sy verlossing broodnodig, en offer haar kosbare besitting op, verder gee sy nie om, om haar te verneder voor almal daar nie.

Is die sonde wat ek in my lewe doen nie so erg nie. Dit is so klein ek het nie werklik verlossing nodig nie. Het ek die Heilige Gees al soveel keer teegestaan, dat my sondetjies weglaatbaar klein geword het. Of gehoorsaam, ek die leiding van die Heilige Gees wat my daagliks laat besef sonder verlossing in die Here Jesus Christus is ek vir ewig verlore?

## 5. Slote

Ons kan hierdie preek afsluit met 'n opsomming. En die opsomming word as 'n ware vir ons gegee in Lukas 18. Daar vertel Jesus 'n gelykenis oor 'n Fariseër en Tollenaar. En ons weet dat die Fariseër vol hoogmoed bid: "o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie—rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie." Terwyl die Tollenaar in 'n nederig liggaamshouding net bid: "o God, wees my, sondaar, genadig!" En dan weet ons dat Tollenaar uiteindelik geregverdig huis toe gaan.

En dit is net so amper asof die Fariseër in die gelykenis se naam Simon is, want dieselfde hoogmoedige optrede word ook in ons teksgedeelte bespeur. Maar as ons eerlik wees, het ons in die preek gesien wat dit veroorsaak. Die gaan oor die erns waarmee ek my eie sondige natuur aansien. En as ons werklik eerlik is oor ons sonde en dit met dieselfde toorn as die Here aansien, dan sal dinge anders wees. Want dan sal ons nie waag om hoogmoedig te wees nie. Nee ons verhouding met die Here sal dan eerder die een wees van die sondares wat neerval by die Here se voete.

Dit bring ons uiteindelik by die ongemaklike selfondersoek, hoe lyk my geloofslewe? Hoe lyk my verhouding met die Here? val ek nog in gebed voor Sy voete neer? Of sien ons bewustelik die Here as ons gelyke, waarmee ons kan onderhandel. Wat ons miskien kan beïndruk met iets wat ons doen. Dalk is dit juis daarom dat ons vanoggend moes stil word voor hierdie gedeelte. Sodat ons weer kan besef daar is genoeg genade by die Here om werklik al ons sondes te vergewe. Om werklik weer te besef hoe nodig ons Jesus Christus het.

Amen